

9 Februarie

Skriflesing: 1 Johannes 2:28–4:6 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:9-10, 3:11-24, 4:2

Kinders van God leef soos sy kinders!

Die sekerheid van ons kindskap lê nie in onself nie, maar in God se liefdevolle optrede teenoor ons. Ons kan sê: “Ja! Ek is kind van God!” Elkeen wat dit bely deur God se genade, sy lewe moet ook elke dag daarvan getuig. Johannes noem in hierdie hoofstukke drie kenmerke waarop ons elke dag moet konsentreer.

'n Kind van God *sterf die sonde al meer en meer af* (1 Joh 3:9-10). Hy hou eenvoudig nie aan met sondig nie. Ja, ons kindskap eis van ons: Breek vandag met jou selfgesentreerdheid, jou jaloesie ... Bely al jou sondes voor God, staan op en dien Hom! Jy kan, want as kind het jy ook die Heilige Gees ontvang!

Broederliefde is 'n verdere kenmerk van God se kinders (1 Joh 3:11-24). Hulle is nou omgee-mense, mense wat bereid is om soos ons Here Jesus hulle vir ander op te offer.

'n Godskind is ook iemand wat *Jesus as Saligmaker in hierdie wêreld bely* (1 Joh 4:2). Doen dit sonder skaamte of enige vrees. Ons wêreld skreeu na sulke kinders van God.

Al kan ons die sekerheid van ons kindskap nooit bou op ons eie gehoorsaamheid aan God nie, kan ons dit wel ondermyn deur ongehoorsaamheid. Sorg dat dit nie vandag gebeur nie!

Gaan leef as 'n kind van God!

Sing: Skrifberyming 33:3 Ds BR Kingma (Bellville-Oos)